# LEWE IN EERBIED TEENOOR DIE HERE

**Lees: Kolossense 3: 1 – 17 Teks: Kolossense 3: 17**

As jy wil bely dat jy ‘n kind van die Here is, dan is dit baie belangrik om een ding te besef. Die Here moet die middelpunt van jou lewe wees. Jy kan nie toelaat dat iemand of iets anders die middelpunt word nie. Dit kan nie jou ouers wees nie, of jou man of jou vrou, of jou werk of jou geld of jou sport of jou probleme nie.

Die Here is die sentrum van alles wat gelowiges in die wêreld doen. Daarom lees ons in hierdie hoofstuk in vers 17: “En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.”

Daarom is dit verstaanbaar dat Paulus vir hierdie gemeente oproep om te soek na die dinge daar bo waar Christus is. Selfs die dinge daar bo moet bedink word. Jou hele lewe moet daarop gerig wees om die Here in alles te dien en Hom die sentrum van alles te maak.

Paulus kom in hierdie gedeelte en roep die mense van hierdie gemeente op om weg te breek van die sondige dinge wat in hierdie wêreld na vore kom. Hy noem in verse 5 – 11 ‘n hele rits dinge wat die sondige mense se lewens oorheers. Hy praat van dinge soos toorn, woede, boosheid, vuiltaal, leuens. Die rede hoekom hy hierdie dinge noem is omdat Paulus die mense in hierdie gemeente beskou as mense wat saam met Christus opgewek is. Hulle het die ou mens met sy sondige werk afgelê. Dit beteken dat as hulle tot bekering gekom het dan het hulle verander. Hulle is nie meer dieselfde as wat hulle was nie. Hulle het hulle beklee met die nuwe mens. Hulle is nuutgemaakte mense.

Dit beteken prakties dat hulle lewens anders lyk as voorheen. Nou is hulle gevul met liefde vir mekaar, goedheid, geduld, sagmoedigheid, ‘n bereidheid om mekaar te vergewe. Paulus beklemtoon in vers 14: “En beklee julle bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is.” Daar moet vrede en rustigheid in gelowiges se harte teenwoordig wees. En dan kom vers 17 en som dit op met die woorde dat wat ons ookal sê of doen, in woord en in daad moet ons dit alles doen in die Naam van ons Here Jesus Christus.

Dit beteken dat ons dit moet doen asof dit Christus self is wat dit doen. Ons moet onthou as gelowiges dat ons die Naam draers van Christus is. Ons is sy verteenwoordiges op aarde. Ons is sy ambassadeurs. Ons kan nie bekostig om verkeerd op te tree nie. Ons wat beklee is met die nuwe mens kan nie anders as om die Here te eer in alles wat ons doen nie.

En waarom doen ons hierdie dinge? Ons weet dat Christus vir ons sondes gesterf het. Ons weet dat die Here ons gered het van die sonde. Ons weet dat ons saam met Christus opgewek is. Daarom moet ons die Here dank vir alles wat Hy vir ons gedoen het. Ons doen dit op hierdie manier. Hy word nou die middelpunt, die sentrum van ons lewens.

Die wonderlike voorreg wat ons het, as ons dit doen, is die feit dat wanneer Christus kom, ons as sy kinders die ewige heerlikheid kan binnegaan saam met Hom (v4). Ons het die voorreg om te mag deel in die ewige lewe wat Hy vir elkeen van sy kinders voorberei het.

Daarom is dit vir ons van kardinale belang om te besef dat ons na ons eie lewens moet kyk en bepaal of Christus werklik die middelpunt van ons lewens is. Indien nie moet ons deur die werking van die Gees so verander dat ons prioriteite in die lewe regkom en dat ons die Here sal dien in woord en in daad, met alles wat ons is en het. Dan kan Hy alleenlik gee in woord en in daad, met alles wat ons is en het. Dan kan Hy alleenlik geëer word en deur ander mense gesien word as die enigste een wat diensbaar in die lewe is.

**Ds. Neville Boy**
**6 Augustus 2017**